

Skriflesing: Psalm 73; Openbaring 5; Genesis 49:22-26

Teks: **Genesis 49:22-26**

Sing: Ps. 66:1,2; Ps. 73:2,12; Ps. 105:4,5; Ps. 84: 5,6

Broeder en suster, Ons kom vanoggend in hierdie reeks preke rondom Jakob se kinders by die voorlaaste seun uit. Vir baie seker die bekendste van hierdie twaalf seuns- Josef. Ons sien hom raak as 'n waarom-mens. As 'n kind wat ten einde laaste sy pa, Jakob en sy pa se liefling vrou, Ragel, se eie kind was. Pa, ma se liefde, so lank moes hulle wag vir hierdie kind, waarom? Helaas, 'n eie kind, Josef. Hoe verstaanbaar, sy pa sou vir hom lief wees, maar dat liefde so verkeerd kan raak....waarom? Blatant word hy voorgetrek, sy klere wys dit. Hy kry 'n rok, wat geen ander broer ooit sou kon aantrek nie. Kon Jakob hierdie voortrekkery nie inperk nie. So blatant word hy voorgetrek. Sy ander broers sou dit nie meer kon vat nie, hierdie ereposisie, 'n koninklike plek wat aan hierdie kleinste boetie van hulle toegeken word. Dit nog ten koste van die ander broers. Hierdie mooi rok, vol helder kleure, daar sou die dag kom, wat hierdie rok die valse teken sou wees van sy dood. Die rok maak nie die man nie, maar die man moet die rok kan maak. Die rok, daar kom dierebloed op, Jakob sou dink, dit is my liefling kind se bloed.

Toe geen broer dit meer kon vat nie, toe is Josef sewentien jaar oud. Dan kom die drome. Josef soos sy pa Jakob, in sy jong dae, ontvang drome wat van God kom. Waarom doen God dit, om 'n kind wat eintlik nog glad nie sulke drome kan hanteer nie, sulke dinge te laat droom. Die verantwoordelikheid om so 'n Godsopenbaring op daardie ouderdom te hanteer was eenvoudig te groot. Dit is dan toekomsdrome, drome wat God Homself direk in sy teenwoordigheid intrek, wat gaan oor die toekoms van elke mens rondom hom. Dit ontvang 'n 17 jarige kind! Waarom?! Dit laat hom dinge sê, waaroor hy eerder moes stilbly, terwyl hy stil is, oor dit wat hy moet sê. Die dromer met sy drome word net meer verdag, sy broers gee hom nie meer 'n plek nie. Hy moet weg, hy wat so 'n te groot plek in sy pa se hart gehad het.

Ja, geliefdes en dan begin met Josef te gebeur, wat 'n mens aanmekaar wil laat vra – waarom....waarom.....waarom. Met sy duur rok, is dit asof sy broers hom 'n goedkoop lewe gun, ja eintlik geen lewe nie en toe word dit danksy Juda, goedkoop lewe. Vir 20 silwerstukke as slaaf verkoop, nog goedkoper as waarvoor Sagaria en Jesus verloën is, verkoop is. Egipte toe, as

slaaf. En daar begin sy lewensboek se seëls, oopbreek, maar dit breek so hard, so skeef, dit is asof alles hom gaan opbreek, verbreek, stukkend breek. Tog is dit God se breek, God se inbreek in 'n mens wat hard kan wees, swaar en tog so sekuur.

Sekuur moet Josef by 'n man gaan werk, Potifar, 'n ryk man en goed vir Josef. Maar dan sy vrou, Potifar se vrou, dag na dag wil sy probeer om vir Josef bed-toe te sleep. Waarom? Josef kry dit reg, hoe sterk is net-nie hierdie krag nie, geen manlike krag wat dit kan doen, alleen goddelike krag, om vir God tussen hom en hierdie vrou te bly stel. En as God tussen hulle bly staan, Josef sondig nie, dan is dit asof sy klere hom weer begin ry. 'n Stuk klere, wat die Potifar-vrou van sy lyf afgeskeur het, word bewysstuk nr. 1, hy het my wou verkrag. Die wapen van sy verdediging, hy sondig nie, sy klere bly aan, daar was geen naaktheid nie, skielik word dit die teken van sy skuld, alles lyk so nakend waar.

Weer 'n stuk lap, weer 'n put. Josef deur sy broers in die put gegooi, so onskuldig kom hy weer in 'n put. Hyself sou die tronk 'n put noem. En die waarom's bou nog steeds op! In die vergetele put tronk, word hy ook 'n vergete man. En dit op 'n stadium, toe dit vir hom so belangrik was, dat iemand hom tog net moet onthou. Die skinker hou weer die Farao se glasies vol, terwyl dit vir Josef sou voel, sy uurglas loop leeg. Dit kon voel, die put waarin hy is, word al dieper, al donkerder en dit het alles begin by sy eie broers.

Ons kan ons hierdie Josef vrae, in die tronk indink, eintlik maar ook Asaf se vrae. En 'n kernvraag by al die vrae bly nog steeds – Hoe kan God dit toelaat? Die ongelowiges hulle is buite die tronk, hulle is vry, maar ek wat glo, hier sit ek, 'n stukkie lap in 'n vrou se hand, kan dit dan so verdoemend wees. Sal ek ooit weer kan opstaan, hier kan uitkom, het my broers my eerder dalk maar doodgemaak.

Ons weet nie wat hy alles daar sou dink nie? Asaf het op hierdie vlak waarop Josef sou kom, erken: My eie voete het amper gegly, ek het amper in dieselfde pad as die goddeloses beland. Wie van ons op so 'n pad, sal dit ook nie maar moet erken nie? Ons kan maklik gly, die lewensbane kan dan vir 'n mens seepglad word. Die pad van broederhaat, na amper dood, na

droë put, na Egiptiese slaaf, na vrouelis, na donker tronk, na waar is God dan.....dit word 'n smal paadjie, as een op so 'n pad moet bly. Dit kan voel na so 'n alleen paadjie en tog so baie mense, sê grootword-paadjie, na groot-mens toe, na groot in die geloof. Hoe kan ek dan daarop bly? Dawid het nie, Petrus het nie, geen gewone mens het nie, hoe kan ek dan? Josef, jy het nou grootgeword, jou geloof is nie net aan die werk nie, jou geloof moet nou bely word, jou besnydenis is jou doop en dit is beloftes van God wat ook aan jou gelever is, maar nou moet jou doop bewys word, bely word, gesien word, geleef word.

Die rok wat jou pa vir jou as seun gekoop het, dit sal jou lankal nie meer pas nie. Maar die rok maak nie die man nie, die man maak die rok. Hoe lyk jou geloof klere wat jy koninklik voor die Farao moet aantrek, al is die klere aan jou lyf op daardie stadium maar net vuil, vodde tronk klere. Hierdie tipe van vrae bring 'n mens by die groot vraag – waar is God dan en waar is ek in my lewe. Twee vrae wat die brug vorm, tussen die waarom en die daarom. 'n Vraag tussen Psalm 73 en Openbaring 5. 'n Vraag tussen God en mens, 'n vraag wat soek na tussen – in goed, dit soek na middele, terwyl ons eerder moet soek na 'n Middelaar. By Josef sou die middele kom, die tyd waarna Jakob verwys. Die jong boom met die baie vrugte aan, by die fontein, staan die boom, soos Psalm 1 se boom en daar is groei, daar is ondersteuning, selfs 'n omheining waarop sy vrugdraende takke kan groei.

Dit mag dalk klink, Jakob jy vergeet...jy vergeet wat het Josef nou eintlik deurgemaak. Praat eers daarvan! Maar Jakob vergeet nie, ons moet ook nie vergeet, dat dit is eintlik God wat in Genesis 49 praat, nie Jakob nie. As Jakob self gepraat het, dan sou hy hier mos ook vir Josef wou bevoordeel. Josef sou die mooiste seën moes ontvang, die grootste daarvan, maar omdat dit God is wat praat en nie Jakob nie, ontvang Juda nog steeds die grootste seën en nie Josef nie. God gebruik maar net Jakob se mond. Ons het dit in hierdie reeks oor-en-oorgesien, dis oor-en-oor bewys, dat God is hier aan die Woord. En God is 'n God wat nie vergeet nie. Nooit nie!

Josef, daar is na jou geskiet, Jakob kom daarby, met pyl en boog, is hy aangeval, maar dit was alles prikkelings. Hy is geskiet, hy is bestry, op baie maniere, baie vyande en tog het God, nie Josef nie, elke boog laat misluk, sy vyande se sterk arms bewe, hulle buig sommer om, want die

Magtige van Jakob, God Self gryp in. Hierdie God wat in Josef se lewe ingryp, is 'n God wat wonderlik werk. Al mag dit vir ons baie keer moeilik wees, om God se werk te verstaan.

God plaas ons op die uitkyk om veral drie sake in die werk van God rondom Josef en ons lewe nie verkeerd te hanteer nie. Eerste ons wat baie keer wil vra, WAAROM, -waarom laat God sekere dinge toe. Dinge wat dit lyk Josef in sy lewe maar net swaarder en swaarder laat kry. Die eerste antwoord op die vraag is, moenie die tipe vraag verkeerd vra nie. As u sou vra, hoekom/waarom God sekere dinge toelaat, swaar dinge, dan kan dit gebeur dat 'n mens vir God probeer aankla. Hoe moeilik dit mag wees, maar ons moet eenvoudig kinderlik gelowig altyd kan bly aanvaar, dat al doen God wat, al laat hy toe dat die verskriklikste van dinge in hierdie wêreld onder sy oë gebeur, dan is God nog steeds die volmaakte. Deur selfs sulke dinge toe te laat is God nog steeds besig om sy werk volmaak deur te voer.

'n Tweede antwoord, wie vir God wil aankla, is iemand wat gewoonlik baie vlak oor probleme dink. Ons kan wil vra waarom God sekere dinge toelaat, maar laat die vraesteller homself eers bietjie oopstel. Hoekom vrae baie mense dit baie keer. Hoe baie keer is die vraesteller nie eintlik besig om maar net heelyd om homself vas te draai nie. Die werklike diep vrae, van hoekom God aardbewegings toelaat, geweld, rampe, epidemies, oorloë, hongersnode, orkane (dink maar aan die onlangse orkaan Sandy-) watter verskriklike ongelukke was daar nie al nie, sal gewoonlik die tipe mens nie veel daarmee worstel nie, tot die dag wanneer daar net 'n klein ietsie 'n mens self tref, dan skielik is jou wêreldjie onderstebo. As daar maar net een brandertjie teen die lewensbootjie kom klots. Dan skielik kom die vraag – hoe kan God dit toelaat?!

Waarom maak God met my so, maar het u al gedink wat het u al in die lewe teen baie gemaak, terwyl God lank geduldig wag? God nie dadelik ingryp nie, u nie dadelik straf nie. Mevrouw daardie tong waarmee ons so kan skinder, terwyl u nog 'n tong het en u nie met stomheid geslaan is nie. Meneer, daardie hand waarmee jy onregverdige wins maak, daardie bedrieglike kontrak geteken het, maar jou hand sit nog. Daardie voet waarmee jy geloop het, om verkeerd te gaan doen, daardie gedagtes, waarmee ons so kan sondig en tog my voet is nie verdroog nie, koppe werk nog.

As ons na hierdie dinge kyk, ons vra die waarom-vraag, dan is daar niemand wat op die strand staan nie, iemand kan toeskouer wees en net na die see van lewe kyk nie, maar ons almal is daarin, almal so betrokke en hoe baie keer, ten kwade. So baie keer is dit nie die duiwel wat sy probleme ons s'n maak nie, maar ons maak ons probleme die duiwel s'n. In onself is ons so dikwels met die kwade besig, dat dit nie die duiwel is wat sy metodes ons s'n maak nie, maar ons maak ons metodes, die duiwel s'n. Ons almal, Josef ook. Hy was nie 'n engeltjie nie. Sy broers het hom in sy jong dae nie maar sonder rede gehaat nie. Die groot bederf, sy voortrek rok, die heidense vrou waarmee hy sou trou.

Sy kinders, Efraim, Manasse, hulle wat eintlik in Josef se plek, seëninge ontvang, hulle stamme word die voortsetting van dit wat Josef ontvang, die enigste broer, wie se kinders in Jakob se mond so genoem word en besondere seëninge ontvang. Maar hulle twee, Efraim, Manasse, hulle het geestelik platgeval, vêr van God begin loop, die breë publieke mening is naderhand al wat nog saak maak. Solank alles net demokraties is, hoe ver kan dit nie wees van hoe dit by God moet wees nie. Efraim verwerp Jerusalem, hy bou by Dan en Bet-El 'n eie godsdienstige sentrum, waar die Baäls en die Astarte's gedien word. Hulle verwerp die Dawids huis, die Christus-nageslag. Hulle sou deel word van die verlore tien-stammeryk.

Die tien stamme, ek vergelyk hierdie tien stamme graag soos met 'n mot om 'n kers. Solank die tien stamme, om die kersvlam draai, hulle draai om die Christus-beloftes, in die lig van God se teenwoordigheid, kon hulle die lig sien, die Christus beloftes hoor, hulle kon alle opsigte deel vorm van God se belofte lig, die mot om die kers, maar toe die mot in die kers invlieg, is daar van die mot niks oor nie. Van die tien-stamme ryk is daar vandag in die wêreld niks oor nie, al wil aanhangers van die Wit-Teologie hulleself slim hou hieroor. Weer sou mens kon vra, waarom moes dit met die grootste deel van Israel afloop, soos met 'n mot om 'n kers. Die mot niks oor nie en tog die kers brand nog, Christus sou word, die volle verwesenliking van God se lig, maar ook Self Ligdraer.

Jakob sien die Christus lig reeds vanuit Josef skyn. Hoe duidelik as Jakob praat van Josef as 'n herder, die Steen van Israel, dan het Josef soos 'n herder die skape moes versorg, daar in Egipte, toe in Israel niks was nie. Ook soos 'n gesteente het hy hulle sterk ondersteun, hy was vir hulle iets van 'n fondasie, in alles sou Josef word, 'n tipe van Christus. So het die Here dinge by Josef laat gebeur, dinge laat sê, wat nie anders gesien kan word as vooruit wysings na die eintlike Herder die eintlike Rotssteen, van hierdie kerk, wat ons vandag vir God moet wees nie.

'n Kerk wat met sy waarom's nog altyd worstel, elke een in hierdie kerk, maar ons is ook 'n kerk wat mag hoor, DAAROM! Die waarom wat kan word ,daarom, want daar is nie middele tussen ons en God wat tel nie, ons goedheid, of mooiheid, of aansien, of harde werk, of goeie verlede nie. Alles behalwe, geen middele tussen ons en God wat kan saak maak nie, 'n verskil kon maak nie, maar daar is 'n Middelaar, wat die waarom oopbreek in 'n daarom.

Al hierdie waarom's versink tot een daarom, nl. dat dit nie meer gaan oor waarom God sekere dinge toelaat nie, maar hoe kan God eintlik toelaat dat ek nog lewe. Nog soveel wonderliker, die Asaf, die Josef, die u en ek, wat weet, wat dit kan ervaar, dat ek het naby God gekom. Daar kom rus, daar kom vrede, daar kom veiligheid, daar kom 'n daarom, al is daar nog sovele waarom's aan my buitekant. Binnekant my, deur die Heilige Gees kom daar 'n daarom.

Die daarom van die Een, wat daar op die troon sit, wat die sewe seëls in sy hande hou, ook die seëls van u en my lewe en niemand anders kan dit oopbreek as net Hyself nie. U en my lewe, ons hele lewensgeskiedenis is met daardie seëls verseël. En al mag dit lyk, dat die swaar dinge wat met mens kan gebeur, so swaar is, dat dit voel, dit is duiwels, soos Josef kon voel. God bedoel dit goed, Hy maak dit goed. Dit is God se manier. Die goeie word daar uitgedraai, waar die draaibank van die lewe, met lelike hale en slae, die grofste skaafplekke en seerplekke moet wegwerk. Onthou, die einde is die belangrikste, dit sê Asaf ook in Psalm 73. Wat kan beter wees, na alles... met die einde van alles, om net te weet, dit te kan sê, dit is vir my goed om naby God te wees.

Soos Josef sy lewens einde nie wou sien, as 'n koning in Egipte, wat sy dooie liggaam in gebalsemde mummie-vorm, vandag nog in 'n piramide in Egipte gelê kon word. Dan sou die wêreld vandag na Egipte kon gaan en verbaas na hom kon kyk, die grote koning in Egipte, sy eie piramide, hier is sy liggaam nog, herkenbaar, Josef hierdie. Maar nee, Josef wil sy einde anders hê. Belowe my as julle trek, vat my bene saam, gaan begrawe dit in die land waar God met julle wil teruggaan. Die hele begrafnis-storie is eintlik maar die Asaf-saak- om naby God te wees, selfs naby God begrawe te word. Wil u, wil u werklik naby God wees? Kom dan en moenie wil vashaak om nie vanuit hierdie waarom te kom by 'n daarom nie.

AMEN